

—— Die swartrenoster

Die swartrenoster

Foto: Images of Africa Photobank / Alamy / Afripics.com



J du P Bothma

Die renosters is enkelmaagdiere wat nie herkou nie. Daar is vyf lewende renostersoorte in die wêreld met die witrenoster *Ceratotherium simum* en die swartrenoster *Diceros bicornis* in Afrika. Linnaeus het die swartrenoster in 1758 wetenskaplik beskryf as *Rhinoceros bicornis*, maar Gray het die genus *Diceros* in 1821 geskep omdat *Rhinoceros* nie in Afrika voorkom nie. Die wetenskaplike benaming is gegrond op beskrywings van swartrenosters, wat die ontdekkingsreisigers Kolb, Jacobaeus en Shroekius in die Wes-Kaap gesien het. Ses subspecies van swartrenoster word erken met *Diceros bicornis longipes* in noord-wes Afrika, *Diceros bicornis michaeli* in Kenia en oostelike Tanzanië, *Diceros bicornis bicornis* in die suid-westelike halfwoestyne, *Diceros bicornis minor* in die bosvelddele van Suid-Afrika noordwaarts tot die suide van Tanzania, *Diceros bicornis chobiensis* vanaf die Noord-Kaap na suid-oos Angola, Botswana en westelike Zambië en *Diceros bicornis brucii* in Sudan. Hulle is almal kwesbaar of word bedreig.

'n Fossiel-voorouer het in Europa gelewe en die afstammeling het later verdeel in een groep in Afrika en een in Asië. Fossiel-swartrenosters uit die Plioseen en sowat 7 tot 2,5 miljoen jaar oud is in Afrika gevind. Die waarskynlike voorouer van

die swartrenoster *Paradicerus makiri* het ongeveer 15 miljoen jaar gelede by Fort Ternan in die Skeurvallei van Kenia geleef. Die bewaringstatus wissel vanaf kwesbaar tot bedreig. In 1960 was daar nog 'n sowat 100 000 swartrenosters in Afrika, maar veral weens verlies aan habitat net sowat 2 600 teen 1997.

Beskrywing

Die swartrenoster se ware kleur is donkergrys, maar die modder waarin dit rol gee dit soms 'n swart kleur. Dit verskil van die witrenoster omdat dit 'n beweeglike bolip het, wat aangepas is om blare af te stroop. Die kop is sowat 55 cm lank teenoor 76 cm by die witrenoster, en die ore is klein en rond met 'n haarfraaiing aan die borand. Die nek is langer as dié van 'n witrenoster, en daarom kan die swartrenoster sy kop hoog lig om blare by te kom. Daar is nie die kenmerkende knop op die nek soos by die witrenoster nie. Die oë het wimpers en die vel is sowat 32 mm dik. Die horings bestaan uit hare wat nie kontak met die skedel het nie. Die voorste horing is gewoonlik langer as die agterste een, maar soms is hulle ewe lank. Wanneer 'n volwasse swartrenoster sy horing verloor of dit afgesaag word, hergroeit dit teen 6 cm (voor) en 2,7 cm (agter) per jaar. By jong diere is hergroeit vinniger teen 8,9 cm (voor) en 4,4 cm (agter) per jaar.

Die skouerhoogte van 'n volwasse dier in albei geslagte is sowat 1,6 m, maar die bul weeg gewoonlik 700 tot 1 000 kg teenoor die koeie se 720 tot 1 150 kg, met enkele diere wat swaarder is. Die vel is yl met hare bedek en elke voet het drie plat naels. 'n Swartrenoster het goeie gehoor- en reuksintuie en storm selde teen 'n helling op, maar bereik 'n snelheid van 50 km per uur wanneer dit storm.

Verspreiding

Swartrenosters het eens aan die hange van Tafelberg voorgekom en was algemeen op die Kaapse Vlakte. Hulle het voorheen ook wyd in Afrika voorgekom, maar bestaan tans in afgesonderde bevolkings in suidelike en Oos-Afrika.

Habitat

Die beste habitat is struik- of bosveld met volop struie en jong bome laer as 4 m en natuurlike waterpunte binne 15 km bereik om in af te koel. Soms kom swartrenosters egter ook in woude en in ruigte langs riviere voor.

Dieet

Die swartrenoster is nie uitsluitlik 'n blaarvreter nie en afhangend van die streek kan hy tot 30 persent gras vreet. In die meeste habitate bestaan die dieet egter uit sowat 96 persent blare, takkies en wilde vrugte en vier persent gras. Hulle hanteer doringtakke met gemak, en vreet ook aan tambotiebome en verskillende soorte *Euphorbia* ten spyte van die gewoonlik giftige melksap. Die spekboom word vir sy voginhoud gevreet. Die swartrenoster het 'n enkelvoudige maag en vertering vind in die agterderm plaas. Deur hul benutting snoei swartrenosters struie tot 'n ronde vorm. Sowat 35 liter water word elke nag in die warm seisoen gedrink maar elke tweede nag in die koue seisoen, en daar word hoofsaaklik snags gevreet. Wanneer water nie vryelik beskikbaar is nie, sal swartrenosters in sandslote vir water met die voorpote grawe. Die mis is donkerbruin en bevat takke wat kenmerkend teen 'n hoek van 45 grade afgebyt is.

Swartrenosters is enkellopend, maar tot 16 diere is al saam gesien in 'n losse verband. In die Ngorongorokrater in Tanzanië is daar sowat 23 swartrenosters in een gebied van 2,6 km². Daar is nie streng territorialiteit nie maar swartrenosters het spesifieke loopgebiede wat met mekaar oorvleuel en in digte bosveld in grootte wissel rondom 3 km² vir 'n volwasse koeie en 4,3 km² vir 'n bul. Die bulle

gebruik latrines om in te mis en krap dan die mis met die agterpote uitmekaar. Die bulle merk die grense van hulle loopgebiede deur uriene op graspolle, bosse, stompe of rotse te sprei. In dorgebiede kan die loopgebiede so groot as 500 km² wees. Kleutertroppe word nie gevorm nie. Hulle is hoofsaaklik snags aktief en skuil bedags onder bosse maar is ook met sonop en sononder aktief.

'n Bevolking groei stadig teen 5 tot 10 persent per jaar omdat 'n koei gewoonlik eers geslagsryp word wanneer sy ses tot sewe jaar oud word en 'n bul op agt tot nege jaar. In die Oos-Kaap het 'n koei egter al gepaar op die ouderdom van bykans vyf jaar. Dragtigheid duur sowat 15 maande en daar is lae natuurlike mortaliteit. Die lewensverwagting is sowat 35 tot 40 jaar. Volwasse swartrenosters word deur leeus en gevlekte hiënas aangeval en is vatbaar vir lang droogtes tensy hulle gevoer word. Tot 16 persent van die kalwers kan in die eerste jaar van lewe vrek. In die natuur is daar 1 tot 1.5 volwasse koeie per volwasse bul. Die swartrenoster word nie deur rinderpes aangetas nie en is bestand teen miltsiekte.

Paring geskied deur die hele jaar met hoogtepunte in Oktober en November en weer vanaf April tot Junie. Bulkalwers word meer dikwels gebore wanneer paring in die nat seisoen plaasvind en verskalwers in die droë seisoen. Die kalf is ligter grys as die volwassenes en weeg sowat 40 kg by geboorte. Dit word nie versteek nie en begin 'n paar weke na geboorte aan plantmateriaal knibbel maar speen eers wanneer dit 'n jaar of ouer is. Die kalf verlaat die koei wanneer dit twee tot vier jaar oud is en die volgende kalf gebore word. Die interval tussen kalwers vir 'n koei wissel derhalwe vanaf twee tot vier jaar.

Bestuur en benutting

Vier koeie en 'n bul kan intensief geteel word per spesiale hok van 10 x 10 m met ronde hoeke. Die hok behoort verkieslik uit hout- of ysterpale gebou te word wat beter as kables is. 'n Geëlektrifiseerde draad 750 mm hoog en 225 mm vanaf 'n draadheining is nodig in draadkampe en vir omheinings. 'n Watertrog van 1 m wyd x 1,5 m lank x 400 mm hoog en wat 300 mm bokant die grond uitsteek moet 'n uitlaatpyp na buite die hok bevat om dit skoon te maak en te hervul. Die hok se vloer word met fyn riviersand bedek wat skoon gespuit en elke twee weke vervang word. Die beste voer is vars lusern en wildkorrels word nie aanbeveel nie omdat dit gossypol kan bevat wat giftig vir 'n swartrenoster is. Vitamien B stroop kan in die water gemeng word en die voer moet nie op 'n sementblad geplaas word nie. Die hok behoort die eerste vier tot vyf dae na loslating nie skoongemaak te word nie maar daarna daagliks. Ou voer moet daagliks verwyder word. Die takke van die tambotieboom, rosyntjebessie en karee, maar nie doringtakke of sekelbos nie, kan gevoer word en sowat 40 tot 45 kg vars blare per dag per renoster is nodig. Die blare kan met vars lusern en 5 kg perdekorrels of Boskos per dag aangevul word. Enige oormaat bulle in klein bevolkings wat in die veld na 'n reeks nat jare ontstaan behoort verwyder te word om die habitat te verbeter. In die veld beset bulle 'n aangrensende gebied stadig wat weens die oes van 'n koei vakant raak omdat bestaande teelverwantskappe daardeur verbreek word.

Vang en vervoer

Swartrenosters moet verkieslik vroeg in die oggend in die vroeë herfs chemies gevang word wanneer die temperatuur minder as 25°C en die lugvog laag is. Na immobilisering moet hulle op die bors lê. Immobilisering vereis 4,5 tot 5,5 mg M-99 plus 225 tot 250 mg asaperoon en 13,5 mg M-5050 as teenmiddel vir 'n volwasse bul, 4,0 tot 4,5 mg M-99 plus 225 tot 250 mg asaperoon en 10 tot 11 mg M-5050 vir 'n volwasse koei, 2,0 tot 3,5 mg M-99 plus 100 tot 150 mg

asaperoon en 5 tot 8 mg M-5050 vir 'n jong dier, en 1 mg M-99 plus 50 mg asaperoon en 2,5 mg M-5050 vir 'n kalf. Met A3080 is die dosis vir 'n volwasse dier 4 mg plus 200 mg asaperoon. Kalmering kan oor die kort termyn gedoen word met 20 tot 40 mg asaperoon, en oor die lang termyn met 100 tot 200 mg perfenasien-enantaat vir 'n volwasse dier en 50 mg vir 'n kalf.

Vervoer renosters in sterk enkelkratte wat spesiaal vir renosters ontwerp is. Vir 'n groot volwasse bul moet die krat 2,2 m hoog x 4 m lank by 1,5 m wyd wees, vir 'n kleiner volwasse bul en koei is dit 1,8 m hoog x 3,3 m lank x 1,3 m wyd, vir 'n jong swartrenoster is dit 1,6 m hoog x 3,0 m lank x 1,1 m wyd en vir 'n kalf is dit 1,4 m hoog x 2,6 m lank en 0,9 m wyd. Swartrenosters kan direk ná vangs vervoer word of kan eers in spesiale hokke gelaat word om te akklimatiseer en hulle vreet met gemak lusern tydens vervoer.

Beladings

'n Breë belading vir swartrenosters is 1.11 Grootvee-eenhede per swartrenoster (0.64 swartrenosters per Grootvee-eenheid), maar 'n meer verfynde belading is 3.11 Grasvreter-eenhede per swartrenoster (0.32 swartrenosters per Grasvreter-eenheid) en 3.76 Blaarvreter-eenhede per swartrenoster (0.27 swartrenosters per Blaarvreter-eenheid).

Lewende verkope

Swartrenosters word selde op wildveilings aangebied maar die rekordprys is R602 500 per swartrenoster.

Trofeejag

Beperkte renosterjagte word streng gereguleer. Die beste trofeë is:

Rowland Ward: Minimum horinglengte: 24,000 duim (60,960 cm); langste: 53,5 duim (135,890 cm) en versamel deur K V Painter in Kenia in 1902.

Safari Club International: Minimum vereiste: 56 punte; beste: 89,250 punte en versamel deur Carlo Caldesi in 1955.

Suid-Afrikaanse Metode: Minimum horinglengte: 20,000 duim (50,800 cm); langste: 25,500 duim (64,770 cm) en versamel deur R I D Myburgh in Tanzanië in 1959.

Geselekteerde bronne beskikbaar by die redakteur

Designed by Infnit8

